



Provinsie van die  
**OOS-KAAP**  
ONDERWYS

---

Steve Vukile Tshwete Onderwyskompleks • Sone 6 Zwelitsha 5608 • Privaatsak X0032 • Bisho 5605  
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

---

**HOOFDIREKTORAAT – KURRIKULUMBESTUUR**

**GRAAD 12 LEERDER  
ONDERSTEUNINGSPROGRAM**

**HERSIENING EN REMEDIËRENDE ONDERRIG  
INSTRUMENT:  
VRAE EN ANTWOORDE**

**VAK: AFRIKAANS HUISTAAL – TWEEDE VRAESTEL**

**Junie 2009**

**Hierdie dokument bestaan uit 20 bladsye.**

***Streng gesproke nie vir toets/eksamen doeleindes nie.***

**VOORSKRIFTE**

1. Lees die volgende instruksies/opdragte noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.
2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het. Lees dan daarna hierdie vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die tipe vraag wat jy wil doen.
3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:  
  
AFDELING A: POËSIE  
AFDELING B: ROMAN  
AFDELING C: DRAMA
4. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.
5. Beantwoord VYF VRAE in totaal: 3 uit AFDELING A, 1 uit AFDELING B en 1 uit AFDELING C. Gebruik die kontrolelys om jou met jou keuses te help.
6. Skryf elke keer die nommer van die vraag en elke onderafdeling net soos op die vraestel aangedui.
7. Laat 'n reël oop tussen onderafdelings.
8. Beantwoord elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
9. Skryf netjies en leesbaar.
10. Voorgestelde tydsindeling:  
  
Afdeling A: ongeveer 40 minute  
  
Afdeling B: ongeveer 55 minute  
  
Afdeling C: ongeveer 55 minute

## INHOUDSOPGAWE

<b>AFDELING A: GEDIGTE</b>		
<b>Voorgeskrewe gedigte:</b>	<b>Beantwoord ENIGE TWEE vrae.</b>	
<b>VRAAGNOMMER</b>	<b>VRAAG</b>	<b>PUNTE</b>
1. Man met flits	Opstelvraag	10
<b>OF</b>		
2. Marilyn Monroe: foto in rou	Konteksvraag	10
<b>OF</b>		
3. Straatkind	Konteksvraag	10
<b>OF</b>		
4. 27 april 1994	Konteksvraag	10
<b>Ongesiene gedig:</b>	<b>EN Beantwoord ENIGE EEN vraag.</b>	
5. Kersliedjie en Krismiskind	Opstelvraag	10
<b>OF</b>		
6. Saluut	Konteksvraag	10
<b>AFDELING B : ROMAN</b>		
<b>Beantwoord EEN vraag</b>		
7. Manaka – Plek van die Horings	Konteksvraag	25
<b>OF</b>		
8. Die kwart-voor-sewe-lelie	Konteksvraag	25
<b>OF</b>		
9. Vatmaar	Konteksvraag	25
<b>AFDELING C : DRAMA</b>		
<b>Beantwoord EEN vraag</b>		
10. Krismis van Map Jacobs	Opstelvraag	25
<b>OF</b>		
11. Mis	Opstelvraag	25

## KONTROLELYS

<b>AFDELING</b>	<b>VRAAGNOMMER</b>	<b>GETAL VRAE WAT BEANTWOORD MOET WORD</b>	<b>MERK ✓</b>
A: Gedigte (Voorgeskrewe Gedigte)	1 – 4	2	
A: Gedigte (Ongesiene Gedig)	5 – 6	1	
B: Roman (Konteksvraag)	7 – 9	1	
C: Roman (Opstelvraag)	10 – 11	1	

**AFDELING A****POËSIE****VRAAG 1****VOORGESKREWE GEDIGTE**

Beantwoord enige TWEE van die volgende vier vrae.

**Man met flits – D.J. Opperman**

1. In die klein wit kol
2. van my wete stol
  
3. bruin en skerp 'n klip
4. soos 'n bok wat skrik,
  
5. staan, vinnig weghol
6. uit die klein wit kol.
  
7. Aan 'n takkie hang
8. twee ogies wat bang
  
9. uit die klein wit skyn
10. van my flits verdwyn.
  
11. Oor waters wat glip
12. soek ek klip na klip
  
13. maar 'n duister land
14. bedreig my alkant.

Uit: *Negester oor Ninevé*, 1974

Die gedig is nie net bloot 'n beskrywing van 'n mens se wandeling in die donker nie. Verklaar die betekenis van die gedig wanneer die man as die mens in die algemeen beskou word.

Verklaar hiérdie betekenis in 250 – 300 woorde. Let op na jou paragrafering – onthou die inleiding en slot.

**[10]**

**OF**

**VRAAG 2****Marilyn Monroe: foto in rou – Joan Hambidge**

1. Beskeie waag ek
2. vanaand 'n gedig
3. oor jou Nee eintlik vir jou
  
4. ek wou begin:
5. die argetipiese seksgodin
6. wat ander voor en na
7. leepoog weg laat kyk
  
8. besluit: té dramaties
9. gewigtig lomp
10. ensovoort
  
11. my onvermoë word nou
12. net 'n oomblik lank
13. opgehef
  
14. wanneer ek met 'n skok
15. Bert Stern se L.A. – foto
16. sien
  
17. dat toeval hier net toevallig
18. was, glo ek nie
19. Marilyn Monroe in rou!
  
20. net die skouers wys effe
21. lyf (verder niks)
22. soos ons gewoon was
  
23. jou kop skalks weg áfgedraai
24. jou hand voor jou mond
25. asof jy stil waarsku: ek word nie meer gebruik
  
26. jou linkeroog bot toe
27. self die wimpers glimmend swart
- 28 dan: die immer wit gebleikte hare
  
29. O altyd witter ja witter as sneeu
30. begin swart uitskif
31. in jou sagte swanenek
32. hiervolgens moes jy wel weet
33. (kyk selfs die moesie wit)
34. of was jy reeds tot- die- einde- toe
  
35. moeg?
36. die dood is net 'n droom

- 2.1 Verduidelik die ironie in die titel. (2)
- 2.2 Hoe weet ons die spreker veroordeel nie Marilyn Monroe nie? (1)
- 2.3 Verduidelik reëls 6 en 7. (1)
- 2.4 Verduidelik die woordspeling met die woord “toeval”. (2)
- 2.5 Waarom is die waarskuwende woorde in reël 25 vandag ironies? (1)
- 2.6 Verduidelik die figuurlike betekenis van die woord “uitskif”. (1)
- 2.7 Wat is ’n ikoon? (1)
- 2.8 Waarom dink jy, was Marilyn Monroe ’n ikoon? (1)
- [10]**

**OF**

## VRAAG 3

**die straatkind – Linda Roos**

- 1 ek wou verbymik met die selfbewuste ongeërgde blik  
 2 wat ons vir bedelaars en pendelaars en hoere reserveer –
- 3 verby die kind wat eenkant om die vullisdromme snuif  
 4 wat sy skraal skouers gereed dra soos spiese  
 5 of 'n heining; maar agter dié heining  
 6 het sy vuil hemp skielik opgekrimp soos 'n ou roof  
 7 en 'n toegepleisterde wêreld  
 8 op die sypaadjie laat bloei  
 9 waar bome onder die skril bevel van sae steun  
 10 konyne spartel in steriele laboratoriums  
 11 en lammers teen die slagterslem
- 12 en daar was wysheid in die lug  
 13 (nes dié ander dag uit wolke)  
 14 maar soos van ou mans met klam monde op parkbankies  
 15 en kras soos kraaie
- 16 toe ek wegdraai was daar 'n geruis in my ore  
 17 en onverklaarbaar teen my wang die bloedveeg  
 18 van 'n vlerk

Uit: 'n Hokvol dwase, 1986

- 3.1 Wat is die funksie van die herhaling van die woord "verby"? (1)
- 3.2 Watter ooreenkoms is daar tussen bedelaars, hoere en pendelaars? (2)
- 3.3 Verduidelik die personifikasie in reël 7. (2)
- 3.4 Waarom kan ons sê die kind se seerkry word in reël 7 meer universeel? (1)
- 3.5 Wat het die straatkind, lammers en konyne in gemeen? (1)
- 3.6 Die spreker kom tot 'n sekere insig na sy interaksie met die straatkind. Hy sê egter dat sy insig beskeie is in vergelyking met ander groot insigte of wysheid. Bespreek hierdie stelling. (3)

**[10]**

**OF**

## VRAAG 4

## 27 april 1994 – Vincent Oliphant

1 uiteindelik vou ek die verlede toe  
 2 knyp sy vlerk tussen duim en vinger vas  
 3 tot hy veilig deur 'n gleuf in die geskiedenis glip  
 4 en anderkant  
 5 wonderbaarlik  
 6 vry  
 7 die duif van vrede sy blou vlerke sprei  
  
 8 sodat my nuutgebore stem na woorde smag  
 9 om 'n lied vir my land  
 10 soos 'n vlag aan die tong te laat sweef  
 11 bo die geruislose val van skanse van die vel  
  
 12 sodat ek vry uit die vervreemding tree  
 13 om in die oë van vergetenes en langverlorenes  
 14 uiteindelik myself te kan sien  
 15 soos iemand wat ek nooit geken het nie  
  
 16 om aan hulle die hand te gee  
 17 en te voel hoe vlees en vlees ontmoet  
  
 18 want een lyn van bloed loop deur die eeue  
 19 loop deur die ganse geskiedenis  
 20 loop deur elke uithoek van die land  
 21 loop deur my en loop deur jou  
 22 van Genesis tot nou

Uit: *Die sagte vlees*, 1998

- 4.1 Benoem en verduidelik die beeldspraak wat in strofe 1 voorkom. (2)
- 4.2 Waarom plaas die spreker die woorde *wonderbaarlik* en *vry* alleen in 'n versreël? (1)
- 4.3 Watter verskillende betekenis het *stem*? (reël 8). (3)
- 4.4 In reël 13 praat die digter van twee groepe mense. Benoem die groepe. (2)
- 4.5 Benoem die halfrym in strofe 2. (1)
- 4.6 Waarom is dié halfrym hier funksioneel? (1)

[10]

EN



## VRAAG 5

## ONGESIENE GEDIG

## Opstelvraag

Kersliedjie	Krismiskind
1 Drie outas in die haai Karoo 2 die ster gesien en die engel geglo,	1 Drie boere het die ster gesien 2 deur die venster van 'n vol kantien
3 hul kieries en drie bondels gevat 4 en aangestryk met 'n jakkalspad	3 Hul karre was glo sonner juice 4 toe hul decide om maar te cruise
5 al agter die ding wat skuiwend skyn 6 op 'n plakkie, 'n klip 'n syferfontein,	5 Met mislig aan op die pikswart lint 6 het hulle die myle op spoed verslind
7 oor die sink en die sak van Distrik Ses 8 waar 'n kersie brand in 'n stukkende fles,	7 Al agter die ding wat rigting wys 8 het hulle die land se paaie deurkruis
9 en daar tussen esels en makriel 10 die krip gesien en neergekniel.	9 Vanaf distrik ses tot in sophiatown 10 waar 'n oumies staan met 'n stukkende gown
11 Die skaapvet, eiers en biltong 12 nederig gelê voor God se klong	11 By die oorblyfsels van 'n delwerswiel 12 die krip gesien en neergekniel
13 en die Here gedank in gesang en gebed 14 vir 'n kindjie wat ook dié volk sou red...	13 Persentjies was in 'n sak gestop 14 om lieue jesus mee te fop
15 Oor die hele affêre het uit 'n hoek 16 'n broeis bantam agterdogtig gekloek.	15 En hulle het tog die heer geloof en gedank 16 die loflied het wyd oor die township geklank
D.J. Opperman <i>Blom en baaierd, 1956</i>	17 En die ster het op die grond kom staan 18 in 'n poeletjie water by 'n stukkende kraan
	Poem Mooney, <i>Slypsteenverse, 1998</i>

- 5.1 Vergelyk die twee gedigte met mekaar wat **inhoud** betref. Jou bespreking moet tussen 250 en 300 woorde beslaan. Onthou jou paragrawe – ook die inleiding en slot.

[10]

**VRAAG 6****ONGESIENE GEDIG****Konteksvraag****Saluut**

*ons sal antwoord op jou roepstem  
ons sal offer wat jy vra*

*C.J.L.*

- 1 ek salueer my vaderland:
- 2 ken op
- 3 bors uit
- 4 maag in
- 5 hakketeenmekaar
- 6 my tone in 'n 45 - grade - hoek
- 7 met my hakke
- 8 my regterarm pyl flink
- 9 kortste pad op, kortste pad af
- 10 (streng volgens vereistes)
  
- 11 en die tyd marsjeer verby -
- 12 minute soos bandiete
- 13 wat die basistuin bewerk
- 14 ure soos miere
- 15 wat skarrelend om my voete hul toekoms bou
  
- 16 Kyk op jou bliksem
- 17 jy staan op aandag!
  
- 18 'n harvard oefenvlieg hoog bo
- 19 duik uitgelate soos 'n seemeeu
- 20 en ek staan stil
- 21 (op bevel)
- 22 vir my vaderland
- 23 en die tyd marsjeer verby
- 24 vir my vaderland

*Cyril J.M. Clarke, Tydskrif vir Letterkunde, Mei 1979*

- 6.1 Die skuinsgedrukte reëls, die epigraaf, kom uit die vorige volkslied van Suid-Afrika. Die vaderland word as "jy" aangespreek. Watter oproep kan van die landsburgers (die "ons") gevra word? (1)
- 6.2 Strofe 1 is 'n goeie uitbeelding van hoe 'n mens moet salueer. Hoe word die houding van die soldaat vir ons visueel voorgestel? (2)
- 6.3 Benoem die halfrym in strofe 2. (1)

- 6.4 Wat is die funksie van hierdie halfrym in die konteks van die gedig? (1)
- 6.5 Wie dink jy is die spreker in reël 16 en 17? (1)
- 6.6 Benoem die stylfiguur wat in strofe 4 voorkom. (1)
- 6.7 Verduidelik jou stylfiguur soos genoem in VRAAG 6.6. (1)
- 6.8 Verduidelik die slotstrofe in jou eie woorde. (2)
- [10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B****ROMAN****(Manaka: Plek van die Horings – Pieter Pieterse)****Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.****VRAAG 7****Bestudeer die onderstaande uittreksels en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.**

7.1

*Met die jare kry hy langs sy hut 'n skooltjie aan die gang waar hy 'n klompie Malozi-kindere onder 'n wordboom met die vinger in die sand leer skryf en somme maak. Hulle leer ook lees en Engelse kerkliedjies sing – die enigste liedjies wat hy uit sy kinderjare onthou.*

- 7.1.1 Wie is die "hy" na wie hier verwys word? (1)
- 7.1.2 Waarvoor het hy aanvanklik na Afrika gekom? (1)
- 7.1.3 Hoe het hy onder die Malozi bekend gestaan? (1)
- 7.1.4 Hoe het sy blyplek die naam Manaka gekry? (2)
- 7.1.5 Watter droom het hy gehad? (2)
- 7.1.6 Hoekom het hierdie droom nooit gerealiseer nie? (2)
- 7.1.7 Wat is die verbintenis tussen die persoon in die aangehaalde gedeelte en Dennis Chipman? (1)

**[10]**

## 7.2

*Hoofindoena Daaimon se ogies bly vir 'n lang ruk op oom Scholtzie vasgenael. Die khuta staan op. Met die gebruikelike omhelsings en dubbelhanddrukke word daar lank en innig afskeid geneem. Meneer Kebbey groet Westers. Hy help Nanna van die grond af op en pomp die wit afvaardiging se hande op en af. Dominee Griesel du Pisani gooi water uit die wit plastiekkannetjie wat hy agter op sy bakkie het en was sy hande.*

- 7.2.1 Waaroor vergader die karakters in bostaande gedeelte? (1)
- 7.2.2 Wie sal die tolk vir die nuwe sendeling wees? (1)
- 7.2.3 Wat maak haar so 'n goeie kandidaat. Noem TWEE redes. (2)
- 7.2.4 Hoe sien sy 'n Christen? (2)
- 7.2.5 Sy sien Baas ook as 'n Christen. Stem jy saam? Motiveer met bewyse uit die roman. (2)
- 7.2.6 Ds. du Pisani se handeling verraai sy opregtheid. Bespreek. (3)

## 7.3

*Sy kyk reguit na Baas. "En wie weet of jy nie met die oog op 'n tyd soos hierdie Manaka toe gestuur is nie"*

- 7.3.1 Dink jy dit is woorde wat Baas wil hoor? (1)
- 7.3.2 Wat wou Baas hier kom doen? (1)
- 7.3.3 Waarom het dit nog nie gerealiseer nie? (1)
- 7.3.4 Een van die redes is omdat daar nie meer geld is nie. In watter vorm kom daar hiervoor 'n "oplossing"? (1)

**[25]****OF**

**VRAAG 8****ROMAN****(Die kwart-voor-sewe-ielie: Eleanor Baker)****Lees die uittreksel en beantwoord die onderstaande vrae.**

Dokter Anders was bly toe Peter terug is na Amerika. Hy het nie van Peter geweet nie, maar my gedrag, lang etensure en swak konsentrasie het wel tot hom deurgedring. Die pasiënte het ook gekla.

"Waar is die engel wat altyd my hand vashou?" het ou meneer Bruwer vir hom gevra toe ek weer laat was.

"Hy noem jou 'n engel," het dokter Anders gegrom toe ek uiteindelik opdaag.

"Dis omdat hy benoud word wanneer jy so in sy mond grou," het ek verduidelik. "Hy sê dit voel asof sy lugpyp verstop word en hy's altyd bang een van die watterrolletjies glip weg en verstop dit regtig. Ek moedig hom aan om sy neus te gebruik. Om te dink aan vars lug."

"Wat ook al," het hy gesê. "Ek wens die laatkommery wil nou end kry."

"Dit sal," het ek gesê. "Dis klaar verby"

- 8.1 Wie is Peter waarvan daar in hierdie gedeelte gepraat word? (1)
- 8.2 Volgens Iris het sy met Peter begin uitgaan oor 'n karakter in haar storie se naam ook Peter was.
- 8.2.1 Wat is dié karakter se naam? (1)
- 8.2.2 Watter ooreenkoms is daar tussen Peter en dié karakter? (1)
- 8.2.3 'n Karaktertrek van Iris wat sterk weerspieël word, is die feit dat sy 'n dromer is. Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou antwoord. (2)

8.3 Daar kom dikwels sprake van 'n "engel" in die roman voor.

8.3.1 Na wie verwys die engel in bogenoemde gedeelte? (1)

8.3.2 Daar is drie vrouens, van drie verskillende generasies, in Iris se familie wat in hul eie fantasiewêreld lewe. Noem hierdie drie vrouens en sê waarom hul in 'n fantasiewêreld leef. (6)

"Tja," het die Engel gesug. "Die lewe is nie 'n storieboek nie."  
 "En 'n naam is net 'n naam."  
 "Is so," het hy saamgestem  
 Die rooi kat het oor sy skouer na ons gekyk, maar toe hy my oog vang, het hy vinnig weggekyk en sy neus weer teen die muur gedruk.  
 "Net voor jy gaan" het ek gesê. "Ek wil jou vertel van 'n lelie in my ma se tuin. Dit was maar altyd daar, een van daardie groen plante wat jaar na jaar 'n hoek vol maak sonder om iets dramaties te doen. En toe, een laatmiddag, speel ek met Polder en uit die hoek van my oog sien ek 'n beweging, iets wits tussen die groen. 'n Blom het oopgegaan. Nie stadig nie, oombliklik. Ek het na my horlosie gekyk en gesien dit was kwart voor sewe. Die volgende oggend was die fyn wit blom verlep, maar daar was nog heelparty knoppe aan die stingel. Daardie aand het ek van sesuur af na die plant gestaan en kyk al het Johanna geroep ek moet kom help met die slaai. Een van die knoppe het dikker geword, uitgebult aan die kant en presies kwart voor sewe het die blom oopgemaak. As ek my oë sou geknip het, het ek dit gemis, so vinnig het dit gebeur. En die soetste geur."  
 "Wat probeer jy sê?" het hy gevra.  
 Ek was gekrenk. "Niks nie."  
 "Net sowel," het hy gesê. "Ek sien geen verband tussen jou lelie en enigiets wat ons vandag bespreek het nie."  
 "Ek ook nie, maar is daar altyd 'n verband? Gebeur dinge maar nie sommerso nie? My lewe bestaan uit onsamehangende flardes."

8.4 "En 'n naam is net 'n naam."  
 Hierdie stelling is ironies aangesien Iris se naam vir haar so belangrik is.

8.4.1 Watter betekenis van die naam Iris het haar veral aangegryp? (1)

8.4.2 Tydens watter geleentheid doen sy hierdie betekenis van haar naam gestand? (2)

- 8.5 Die tydspek speel 'n belangrike rol in die titel, *Die kwart-voor-sewe-lilie*, sowel as die "blomtydperk" van Iris.
- 8.5.1. Bespreek die stelling deur na die titel en Iris se "blomtydperk" te verwys. (2)
- 8.5.2 Noem 'n geleentheid wat moontlik as 'n "blomtydperk" in Iris se lewe gesien kon gewees het. (1)
- 8.5.3 Het sy toe tydens die geleentheid "geblom"? (1)
- 8.6 Daar is duidelike ooreenkomste tussen die blom, die kwart-voor-sewe-lilie, en die hoofkarakter, Iris. Noem DRIE ooreenkomste. (6)
- [25]**

## OF

### VRAAG 9

#### ROMAN

(Vatmaar – A.H.M. Scholtz)

**Lees die uittreksel en beantwoord die onderstaande vrae.**

Oom Flip het 'n boepens gehad. Hy was aan die kort kant, maar nie baie erg nie, met 'n ronde agterstewe wat beweeg het as hy loop. Hy het 'n bles reg agter op sy kop g`ehad. Die grootmense het dit 'n wegholhou genoem. Hulle het gesê hy het met 'n bakleiry weggehol en toe word hy met 'n klip van agteraf raakgegooi en dit het die merk gemaak. Hy het 'n ronde gesig gehad, altyd skoongeskeer met soos hy gesê het, sy eie Duitse skeermes. Een van sy voortande het makeer en as hy gelag het, kon 'n mens die poort tussen sy tande sien.

Oom Flip was ons enigste transport tussen Vatmaar en Du Toitspan. Sy trollie was altyd gelaai, of hy nou vertrek of teruggekom het. Hy het nooit reguit vir 'n passasier of vir 'n vrag geld gevra nie, net na die lisensieplaat wat met twee spykers aan die kant van sy bankie vasgekap was, gewys en gesê: Julle sien my transportlisens is twee sjielings 'n jaar. Ek moet dit op tyd betaal. Ek kan nie in die kantoor in die Pan my hand gaan lig soos julle met my maak nie.

- 9.1 Wat was Oom Flip se regte naam? (1)
- 9.2 Hoe het hy verlore geraak van sy mense as klein seuntjie? (1)
- 9.3 Hoe was Oom Flip se verhouding met sy perd, Ou Swaai? (1)
- 9.4 Oom Flip was baie lief vir Sus Bet. Hoe het hy haar beskryf as hy na haar kyk? (1)



**Lees die uittreksel en beantwoord die onderstaande vrae.**

Sus Bet het vertel dat sy in Daniëlskuil grootgeraak het en dat Kaptein Waterboer haar Oom is. Van die broers van haar pa was hy die jongste. Flippus, ek sal jou nie vertel van onse Griekwa-manier van lewe nie, want jy het my nie van jou Basoetoe-manier van lewe vertel nie, het sy gesê. Jy het gesê jy het van jou kraal af weggeloop toe jy nog 'n seuntjie was. Laat ek jou nou van my vertel, Flippus.

Ek was in my vrou – word – jare toe my pa se broer ... Maar laat ek eers sê: My pa was la dood en sy oudste broer was hoof van onse huis. Hy het gesorg vir my ma en vir ons kinders.

Die oom van ons was baie goed vir my. Hy het my altyd 'n lekker dingetjie en 'n klap op my boude gegee. Omdat dit ons meisiekinders se werk was om brandhout bymekaar te maak, moes ons diep in die veld droë hout gaan optel. Ek was alleen, want Kiewiet, my ousie, het voor my uitgeloop. Skierlik roep my oom na my. Hy het onder 'n boom gesit. Ek het nader gegaan en gevra: Oom Baaitjie, wat kan ek vir Oom doen? Ek het rêrig baie van hom gehou want hy was baie lief vir my, net soos 'n pa.

- 9.5 Wat het Sus Bet en Oom Flip nie omtrent hulself geweet nie? (1)
- 9.6 Wat is die reaksie van haar ma hieroor? Noem TWEE dinge. (2)
- 9.7 Wie verkrag vir Sus Bet na die sterfte van haar pa? (1)

**Lees die uittreksel en beantwoord die onderstaande vrae.**

Bet, Bet, Bet, my kind, ons het dit reggekry! Laat ek hulle hou. Ek sal hulle vir Janman gee om te verkoop.

Net soos ek gedink het, het dit deur Bet se kop gegaan. Ek is al byna die hele middag by haar en sy het nog nie een keer na my Flippus gevra nie, die man wat gedoen het wat ek hom gevra het. Dis die eerste keet laat ek 'n man gevra het om iets vir my te doen, en hy het dit gedoen en om te dink dis so gevaarlik, as hulle hom gevang het, het hulle hom vir altyd toegesluit. Ek kan wen of verloor, maar dit sal met die diamante in my hand wees. Bet het die naald, met die garedraad klaar deur die oog gestee, uit die garetolletjie grtrak en die draad met haar tande afgebreek. Sy het 'n knoop genaak en die naald aan haar rok vasgestee. Die rok, wat hier en daar gelap was, het eens op 'n tyd 'n kleur gehad maar nou was dit net vuilwit.

Haar siesie het voor haar op die grond gesit soos 'n ou vrou sit: op haar sy met haar bene langsuit na die kant toe. Bet het haar rok opgelig en die rooi sysakdoek uitgehaal.

- 9.8 Waar versteek Sus Bet die diamante? (1)
- 9.9 Wie moes die diamante gaan steel? (1)
- 9.10 Wat het veroorsaak dat Sus Bet nie meer vir Sies Lena en Janneman vertrou het met die diamante nie? (1)
- 9.11 Wat koop Sus Bet en Oom Flip met hul geld in Vatmaar? Noem TWEE dinge. (2)
- 9.12 Hoe het dit gekom dat Flip, Bet, Janman en Sus Lenie gearresteer is vir die besit van ongeslypte diamante? (1)

**Lees die uittreksel en beantwoord die onderstaande vrae.**

Roman het die karos gevat en Ta Vuurmaak so toegemaak as wat hy kon. Want die seuns het die oupa met 'n diepe eerbied begin liefkry. Die son was nog nie onder nie en die seuns het na hulle se huise toe gehardloop om hulle werkies te gaan klaarmaak. Net roman en Klein – Neels het daardie nag die voorreg gehad om in die cabin te slaap. Net na dagbreek het Broer soos gewoonlik die oupa se halfbroer bokmelk gebring, nog warm uit die uier. Hy het soos gewoonlik aan die ta geraak, wat dan altyd wakker geword het. Maar die oggend het die oupa nie geroer nie. En omdat kens mense altyd 'n sesde sintuig het, het Broer vir Klein – Neels gesê: Maak onse Ta wakker. Klein – Neels het geprobeer. Toe rol hy die oupa om sodat sy gesig na hom toe kyk. Die oë was wyd oop en die mond ook. Klein – Neels het so groot geskrik dat hy omgeveilig en weggehardloop het. Roman het ook buitetoegehol en naby Klein – Neels gaan staan. Broer het in die cabin bly staan en weer geprobeer om die ta so sag as moontlik wakker te skun. Trane het uit sy oë op die karos gedrup.

- 9.13 Waar het hulle vir Ta Vuurmaak begrawe in die begraafplaas? (1)
- 9.14 Watter TWEE seuns het die aand by Ta Vuurmaak geslaap met sy dood? (1)

**Lees die uittreksel en beantwoord die onderstaande vrae.**

Ons het in die kerkgebou skoolgegaan tot die dag dat die grootkoppe van Du Toitspan reg was om vir ons 'n skool te bou. Daar is nie genoeg kinders om te kwalifiseer vir 'n skoolgebou nie, het hulle gesê. Mistress Elsa Lewis was 'n gekwalifiseerde onderwyseres wat by Du Toitspan se Undenominational School skoolgehou het. Toe onse skool kom, het Oom Chai haar aanbeveel. Hy het 'n lys van name gehad van mense wat die Du Toitspan se dorpsraad gevra het om haar onse teacher te maak want sy het op Vatmaar gewoon. Haar pa, George Lewies die Corporal, wat in die oorlog mense vir die Queen help skiet het, het ook nader aan die einde van sy lewe gekom en Oupa Lewies, soos ons hom genoem het, sou bly wees as sy dogter naby hom kon wees as hy haar nodig kry, het Oom Chai gesê. Almal op Vatmaar wat 'n dak oor die kop gehad het, se name was op die lys. Oom Chai, onse sendingkerk se ouderling, het gesê die enigste betaling wat die gemeente vir die kerkgebou wil hê, is laat die skoolkinders moet skoonmaak waar hulle gemors het.

- 9.15 Met watter vak het die kinders op skool mee gesukkel? (1)
- 9.16 Hoe het die kinders geweet dis huis toe gaan tyd as hulle nie die klok gehoor lui het nie? (1)
- 9.17 Waarvoor staan die afkorting, O.H.M.S? (1)
- 9.18 Hoe het die kinders geweet Oom Chai is tevrede as hulle Saterdag die kerk skoongemaak het na die opsê van hul Gebed? (1)
- 9.19 Hoe het die kinders geweet in watter bui hul juffrou was? (1)

- 9.20 In watter taal moes die kinders hul skoolloopbaan noodgedwonge begin? (1)
- 9.21 Wie was die eerste onderwyseres in Vatmaar? (1)
- 9.22 Waarvoor is die mense na die begrafnis genooi? (1)
- 9.23 Uit watter kerk is Oupa Lewies begrawe? (1)
- [25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

## **AFDELING C**

### **DRAMA**

**(Krismis van Map Jacobs – Adam Small)**

### **VRAAG 7**

Die tema van die drama is mense wat in 'n uitsiglose bestaan vasgevang is se uitkomkans is min. Gebruik die karakter Mister Cavernelis deur dié tema te illustreer. Raak die volgende aspekte in jou bespreking aan:

- \* Hoe lyk Mister Cavernelis se bestaan
- \* Waarheen wil hy gaan
- \* Hoe probeer hy uit hierdie bestaan kom en die gevolge
- \* Slaag hy daarin om uit hierdie bestaan te kom?

Jou opstel moet tussen 400 – 450 woorde wees.

**[25]**

**OF**

**VRAAG 8****(Mis – Reza de Wet)**

Die konstabel tree so oortuigend op dat die vrouens nie vermoed dat hy nie werklik blind is nie. Met verloop van tyd beskou al drie vrouens hom as hul redder en neem hom in hul vertroue.

Skryf 'n opsteltipe vraag van ongeveer 400 – 450 woorde waarin jy die bogenoemde stellings motiveer deur die volgende aspekte volledig te verduidelik:

- \* Die rol van die drie vrouens: Miem  
Gertie  
Meisie

- \* Hoe reageer elk van die vrouens teenoor die konstabel?

**[25]****TOTAAL AFDELING C: 25****TOTAAL: 80**